LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

Graad een Akademiese kwartaalprogram (yskasbrief)

Tema: Water

Geagte Ouers

Maak asb. seker dat u op hoogte bly deur die yskasbrief noukeurig te lees. Die skool kom vanaf 9 November 12:00 uit. Tref asb. die nodige reëlings met naskole. Ons doen deurlopende assessering. Ons versoek dat u kind asb. nie onnodig afwesig sal wees nie. Die merietefunksie vind plaas op 26 November om 08:00 in die saal. Slegs twee gaste per leerder sal toegelaat word. Daar sal parkering op die rugbyveld wees. Verdere inligting sal volg.

Leipie Liggiefees vind op 2 en 3 November plaas vanaf 18:30 – 20:00. Ons skoolterrein verander in 'n fees van liggies en Leipiekuns. Bring asseblief blikkieskos/nie bederfbare produkte wat dien as u toegangsfooi.

Week 1: 2 - 6 November

- Liggiefees vind op 2 en 3 November plaas.
- 4 November - Nasionale Verkiesingsdag
- Huiswerk word Maandag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- Afrikaans en Engelse speltoetse word Vrydag geskryf.
- ***Assessering vind deurlopend plaas.***

- **Afrikaans:**
  - Spelling: **tien, lief, tier, siek, fiets, wiel, kriek, mier, bier, vier**
  - Klanke: Dubbelklanke word ingeskerp. Oefen meervoude en skryf `n storie.
  - *Rympie: As boetie bad.*
  - Mila Mier word klassikaal gelees.

- **Wiskunde:**
  - Geometriese patrone
  - Getal 20 kombinasies
  - Getalpatrone (Tel in 5'e, 10'e, ewe en onewe getalle tot by 100. Tel ook aan en terug)
  - Optel en aftrek, verdubbel en halveer.
  - Vorms
  - Woordprobleme
  - Massa

- **Engels:**
  - *Story: The old lady.*
  - Opposites
  - Syllables
  - *Letterland: Lucy Lamp*
  - Spelling: **I, an, at, as, on**


- **Lewensvaardigheid:**
  - Gebruike en vermorsing van water.
  - Kuns: Vis collage



Maak jou brein slimmer:

Fyn motories:

Die lugballon prent kan gebruik word om ‘n mooi kunswerk te maak. Gebruik oorstokkies om dit te verf. Vir ‘n alternatief kan u enige oulike prent verf deur oorstokkies aanmekaar vas te maak met ‘n rekkie. Daar is oulike voorbeelde op Pintrest. Tik net in die soekbalk “Q-tip painting” in om inspirasie te kry.



Week 2: 9 - 13 November

- Skool sluit nou elke dag om 12:00 tot aan die einde van die kwartaal.
- Huiswerk word Maandag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- Afrikaanse speltoets word Vrydag geskryf. Geen Engelse spelling word hierdie week geskryf nie.
- ***Assessering vind deurlopend plaas.***

- **Afrikaans:**
  - *Rympie: Skoon hande*.
  - Spelling: **reus, neus, seun, deur, geut, neut, leun, sleutel, geur, dreun**
  - Skriftelike werk en lees.
  - Mila Mier word klassikaal gelees.
  - Dubbelklanke word ingeskerp.
  - Skryf sterk sinne.




Juffrou Mariska Oosthuizen verjaar 12 November.

Baie geluk!

- **Wiskunde:**
  - Getalbewerkings
  - Verdubbel en halveer.
  - Wys bewerkings op die getallelyne.
  - Meer/minder
  - Vorms
  - Woordprobleme
  - Datahantering - Tel voorwerpe en kleur dit korrek op die grafiek in. Beantwoord vrae oor die grafiek.
- **Engels:**
  - Geen Engelse spelling.
  - Identify initial sounds in words.

- **Lewensvaardigheid:**
  - Veilige en onveilige drinkwater.
  - Watergebruike



Baie dankie vir u positiewe samewerking.
Graadeen personeel